21.7 RAPPORT DEPUTATE VERTALING VAN BELYDENISSKRIFTE, FORMULIERE EN GEBEDE (Artt 96, 182, 326)

A. Die Rapport word as gestel beskou.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Leerstellig 2.
C. Ds L du P van der Vyver rapporteer namens die Kommissie Leerstellig 2.

D. **RAPPORT**

FORMULIERGEBEDE

(Hersiene vertalings – deurgegee aan die kerke vir toetsing)

Christelike gebede wat in die samekomste van die gelowiges, in die huise van Christene en elders gebruik word

❖ **Gebed by die begin van die samekoms van die gemeente**

Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het. Amen.

'n Algemene belydenis van sondes en 'n gebed voor Sondag se preek en op vas- en biddae.
O ewige God en Vader van alle genade, ons verootmoedig ons uit die diepte van ons hart voor u hoë majesteit waarteen ons so dikwels en so gruwelik gesondig het. Daarby erken ons dat as U ons wou oordeel, ons niks anders as die ewige dood sou verdien het nie. Ons is almal deur die erfsonde voor U onrein en kinders van die toorn, in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore. Daardeur woon allerhande slegte begeertes in ons, wat vyandig is teenoor U en ons naaste. Boonop het ons met ons optrede u gebooie baie keer en onophoudelik oortree deur dít wat U ons beveel het na te laat en te doen wat U ons duidelik verbied het. Ons het almal soos skape gedwaal en grootliks teen U gesondig. Ons erken dit en het daaroor berou. Tot ons beskaming en tot lof van U ontferming oor ons bely ons dat ons sondes meer is as die hare op ons kop en dat ons tienduisend talente [Matt 18:24] skuld, terwyl ons niks het om te betaal nie. Daarom is ons dit ook nie werd om u kinders genoem te word, of om na die hemel op te kyk en ons gebede tot U te rig nie. O Here God en barmhartige Vader, ons weet dat U nie die dood van die sondaar wil hê nie [Eseg 18:23], maar dat U wil hê dat hy hom bekeer en lewe. Ons weet egter ook dat u barmhartigheid wat U bewys aan hulle wat hulle tot U bekeer, oneindig is. Daarom roep ons U van harte aan in vertroue op ons Middelaar Jesus Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem [Joh 1:29]. Ons bid dat U medelye met ons swakheid sal hê deur ons al ons sondes om Christus wil te vergewe. Was ons in die suiwer fontein van sy bloed, dat ons rein en wit soos sneeu [Ps 51:9b] mag word. Bedek ons naaktheid met sy onskuld en geregtigheid ter wille van die eer van u Naam. Reinig ons verstand van alle blindheid en ons harte van alle moedswilligheid en hardnekkigheid. Open nou die mond van u dienaar en vul dit met u wysheid en kennis, sodat hy u Woord suiwer en met vrymoedigheid verkondig. Maak ook ons almal se harte gereed, sodat ons dit kan hoor, verstaan en bewaar [Ps 105:45; 119:4,11,17,22,56,57,69,115,145]. Skryf u wette, volgens u belofte, op ons harte [Jer 31:33; Heb 8:10] en gee ons lus en krag om daarvolgens te wandel, tot lof en eer van u Naam en tot opbou van u gemeente. Dit alles, o genadige Vader, bid en begeer ons in die Naam van Jesus Christus wat ons geleer het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

❖ **'n Gebed vir al die nood van die gelowiges, om gebruik te word op die rusdag ná die eerste preek**

Almagtige, barmhartige God, ons erken openlik en bely voor U dat ons waarlik nie waardig is om ons oë na die hemel te rig en ons gebed voor U te bring nie, indien U ons verdienste en waardigheid sou oordeel. Want ons gewete kla ons aan en ons sondes getuig teen ons. Ons weet ook dat U 'n regverdige Regter is wat die sondes straf van hulle wat u gebooie oortree. O Here, ons wys egter alle ander hulp af en neem ons toevlug alleen tot u barmhartigheid. Ons doen dit omdat U ons beveel het om U in al ons nood aan te roep en omdat U in u onbeskryflike barmhartigheid beloof het om ons gebede te verhoor – nie omdat ons dit verdien nie (want ons kan nie) maar op grond van die verdienste van ons Here Jesus Christus, wat U as 'n Middelaar en Voorspraak [1 Joh 2:1] geopenbaar het.

Aan die een kant, o Here, bely ons dat U soveel weldade[1] aan ons bewys het dat dit vir ons onmoontlik is om dit ten volle te begryp, en nog minder om dit in woorde uit te druk. Ons bely ook veral dat U ons gelei het tot die lig van u waarheid en tot die kennis van u heilige Evangelie. Aan die ander kant het ons deur ons ondankbaarheid u weldade vergeet. Ons het van U weggedwaal en ons eie begeertes gevolg terwyl ons U nie geëer het soos ons moes nie. Ons het dus verskriklik gesondig, en as U ons voor u regterstoel wou daag, sou ons niks anders as die ewige dood en die verdoemenis kan verwag nie. O Here, kyk tog liewers na u Gesalfde, en nie na ons sondes nie, sodat u toorn deur sy voorbidding [1 Joh 2:1] tot rus gebring word. Bekragtig die genade van u Gees in ons, sodat dit elke dag al hoe meer ons ou natuur met al sy slegte begeertes doodmaak en ons nuutmaak tot 'n beter lewe.

Dit behaag U ook dat ons vir alle mense moet bid. Daarom bid ons U: wil U die onderrig van u heilige Evangelie seën, sodat dit oral verkondig en aangeneem word en die hele wêreld vol word met die kennis van U waardeur ons gered word. Daardeur moet die wat die Evangelie nie ken nie, bekeer word, die swakkes versterk word en almal nie alleen met woorde nie maar ook met die daad u heilige Naam grootmaak en heilig. Wil U vir hierdie doel getroue dienaars vir u oes uitstuur [Matt 9:37,37] en hulle so toerus, dat hulle hulle diens getrou uitvoer. Wil U daarenteen alle valse leraars, verskeurende wolwe [Hand 20:28-30] en huurlinge [Joh 10:12] uitroei. Hulle soek hulle eie eer en voordeel, en nie die eer van u heilige Naam alleen of ook die welsyn en saligheid van mense nie.

Wil U ook u Christelike gemeentes, wat U oral geroep het, deur u genade bewaar en regeer **in enigheid** van die ware geloof en toewyding aan U. Wil U dit doen, sodat u ryk elke dag mag groei en die ryk van Satan tot skande word totdat die volkomenheid van u ryk kom [HK, So 48, 123] wanneer U alles in almal sal wees [1 Kor 15:28].

Ons bid tot U ook vir al die regerings van die wêreld: staatshoofde en maghebbers [1 Tim 2:2]. In die besonder bid ons egter vir hulle wat U oor ons gestel het. Wil U gee dat hulle regering daarop gerig is, dat die Koning van alle Konings oor hulle en hulle onderdane mag regeer, sodat ons onder hulle 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan u en alle eerbaarheid [1 Tim 2:2]. Wil u ook gee dat deur hulle as u dienaars die ryk van die duiwel, wat 'n ryk is van alle afstootlikhede en ongeregtighede, hoe langer hoe meer verwoes en vernietig word.

Verder bid ons tot U vir al ons medegelowiges wat onder u vyande soos die Islam vervolging ly. Wil U hulle met u Heilige Gees vertroos en genadig daaruit verlos. Laat nie toe dat die gedagtenis van u Naam op aarde uitgeroei word nie, sodat die vyande van u waarheid nie spog oor die oneer en lastering van u Naam nie [Ps 8:3]. Indien dit egter u Goddelike wil is dat die Christene in gevangenskap met hulle dood vir die waarheid getuienis moet gee en u Naam moet prys, wil U hulle in hulle lyding troos, sodat hulle dit uit u vaderhand mag

[1] Vgl latere vertaling van Belydenisskrifte.

aanvaar. Wil U ook gee dat hulle daarin u wil navolg en in lewe of in sterwe standvastig bly, tot u eer, tot opbou van u gemeente en tot hulle eie saligheid.

Ons bid ook vir hulle almal wat deur U met armoede, tronkstraf, liggaamlike siekte of geestelike aanslae getugtig word. Troos hulle almal, o Here, volgens die eis van hulle nood wat U ken. Gee dat hulle tugtiging hulle dien tot erkenning van hul sondes en verbetering van hul lewe.

Wil U hulle ook standvastige geduld gee, versag hulle lyding en verlos hulle uiteindelik, sodat hulle hul oor u goedheid verbly en u Naam vir ewig prys. Troos ook alle weduwees en wese, omdat U hulle Vader is. Wil U wees met alle verwagtende vroue en hulle wat geboorte skenk. Wil U aan almal wat geestelik gestremd is genade gee, tot grootmaak van u Naam en voordeel van hulle naaste.

Ten slotte, o Here, wil U ons en ons dierbares, sowel as alles wat ons onderneem, in u beskerming en bewaring neem, die wat op reis is, onder watter omstandighede ook al ter bevordering van u kerk of die welvaart van die land, of ook vir hulle eie eerlike sake. Seën ook die opbrengs van die aarde, gee daarvoor gunstige weer en vrugbare groei. Wil U ook gee dat ons in ons beroep volgens u wil mag lewe en die gawes wat ons deur u seën ontvang, so sal gebruik dat dit ons nie belemmer nie, maar dat dit veel eerder vir ons bevorderlik mag wees tot die ewige lewe. Versterk ons ook in alle geestelike aanslae, sodat ons, deur te stry in die geloof, die oorwinning behaal en na hierdie lewe met Christus die ewige lewe besit [2 Tim 4:7].

Vir al hierdie dinge bid ons van U, net soos ons getroue Here en Saligmaker Jesus Christus self ons geleer het:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Wil U ons versterk in die ware Christelike geloof sodat ons daarin elke dag meer en meer kan groei. Daarvan bely ons met mond en die hart [Rom 10] soos volg:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het, begrawe is, neergedaal het na die hel;
wat op die derde dag opgestaan het van die dooies;
opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God die almagtige Vader;
vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan een heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
vergewing van sondes;
weeropstanding van die vlees;
en ’n ewige lewe.

[Daarna eindig die samekoms van die gemeente met die gewone seën, soos volg:]

Verhef u harte tot God en ontvang die seën van die Here:

Die HERE seën u en behoed u; Die HERE laat sy aangesig oor u skyn en is u genadig; die HERE verhef sy aangesig oor u en gee u vrede; Amen. (Num 6:24-26.)

[Alternatiewe – volgens huidige teks in Psalmboek, nié in Rutgers]:

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen. (2 Kor 13:13.)

Mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tydjie gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves! Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. (1 Pet 5:10.)

❖ **'n Openbare belydenis van sondes en korter gebed voor die preek**

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, ons erken en bely voor u Goddelike majesteit: ons is arme, ellendige sondaars; ons is ontvang en gebore in alle boosheid en verdorwenheid, geneig tot alle kwaad en nie in staat om enige iets goeds te doen nie [HK, So 3, vr 8]; ons oortree met ons sondige lewe onophoudelik u heilige gebooie. Daardeur bring ons u toorn oor ons en volgens u regverdige oordeel laai ons die ewige straf op ons. Maar, o Here, ons het berou en is hartseer dat ons U vertoorn het; ons beskuldig onsself en ons kla onsself aan oor ons misdade terwyl ons begeer dat U met u genade na ons wil kyk en uitreik in ons ellendige toestand. O mees getroue en liefdevolle God en Vader, wil U U oor ons ontferm [Ps 51], en ons al ons sondes op grond van die heilige lyding van u geliefde Seun Jesus Christus vergewe. Wil U ons ook die genade van u Heilige Gees gee [HK, So 45; Luk 11:13], Hy wat ons leer om ons ongeregtigheid hartgrondelik te erken en onsself op die regte manier te verag. Wil U dit doen sodat die sonde in ons doodgemaak word en ons in 'n nuwe lewe weer opstaan – 'n lewe waarin ons ware vrugte van heiligheid en geregtigheid dra wat aangenaam is vir U deur Jesus Christus. Wil U gee dat ons ook u heilige Woord volgens u Goddelike wil verstaan, sodat ons daaruit leer om al ons vertroue op U alleen te stel en weg te vat van alle skepsels af [Hand 4:12; HK, So 50]. Laat ook ons ou mens met al sy begeertes van dag tot dag meer en meer gekruisig word [Gal 5:24; Rom 6:5,6,12,13; HK, So 33, vr 89] en laat ons gevolglik onsself aan U toewy as 'n lewende dankoffer [HK So 12, vr 32; So 16, vr 43; 1 Pet 2:5], tot eer van u heilige Naam en tot voordeel van ons naaste.

Wil U ook deur u genade almal bekeer wat nog van u waarheid afdwaal, sodat ons U almal saam eendragtig dien in heiligheid en geregtigheid al die dae van ons lewe.

Dit begeer ons van U deur ons Here Jesus Christus wat ons geleer en beveel het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

❖ **'n Korter gebed ná die preek**

Here, almagtige God, laat u heilige Naam nie as gevolg van ons sondes gelaster word nie [HK, So 36]. Immers, ons het op baie maniere teen U gesondig deurdat ons u heilige Woord nie gehoorsaam soos dit ons betaam nie. Ons het ook deur onwetendheid, ondankbaarheid

en deur te kla u toorn elke dag teen ons verwek. Daarom tug U ons met reg. O Here, dink egter aan u groot barmhartigheid en ontferm U oor ons. Laat ons ons sondes reg ken en daaroor hartseer wees en verbeter U ons lewens. Versterk die dienaars van u kerke, sodat hulle getrou en standvastig u heilige Woord verkondig. Versterk ons owerheid, sodat hulle met geregtigheid en billikheid gesag voer [Rom 13:4]. Bewaar ons ook teen alle valsheid en ontrou, verydel al die bose en listige planne wat teen u Woord en kerke bedink word [Ps 2:2]. O Here, neem u Gees en Woord nie van ons weg nie [Ps 51:13], maar vermeerder ons geloof, en gee aan ons geduld en standvastigheid in alle swaarkry en teëspoed [HK, So 10, vr 28]. Kom u kerke te hulp, verlos dit van al te sware laste, bespotting en tirannie. Versterk ook al die swak en bedroefde harte. En gee ons u vrede deur Jesus Christus, ons Here, wat ons hierdie vaste belofte gegee het deur te sê: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader vra in my Naam, sal Hy julle gee*; en wat ons beveel het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

❖ **’n Gebed voordat uit die kategismus onderrig gegee word**

O Hemelse Vader, u Woord is volmaak en bekeer die siel [Ps 19:8]. Dit is ’n waaragtige getuienis wat aan die eenvoudiges wysheid gee en die oë van die blindes verlig. Dit is ’n kragtige middel tot redding vir almal wat dit glo [Rom 1:16]. Ons is egter van nature blind en onbekwaam tot enige goed [HK, So 3, vr 8]. U wil ook niemand tot U laat nader wat nie ootmoedig en verslae van hart is [Ps 51:19] en nie u Woord eerbiedig nie [Luk 18:15]. Daarom bid ons U dat U ons duistere verstand wil verlig met u Heilige Gees en ons ’n sagmoedige hart wil gee waaruit alle verwaandheid en wêreldse wysheid geweer word, want dit is vyandskap teen U [Rom 8:7]. Ons vra dit sodat ons, as ons u Woord hoor, dit reg sal verstaan en ons lewe daarvolgens inrig. Wil ook in u genade almal bekeer wat nog van u waarheid afdwaal, sodat ons almal saam eendragtig U ons hele lewe lank mag dien in ware heiligheid en geregtigheid. Dit begeer ons alleen om Christus wil, wat ons geleer het om in sy Naam te bid en ook belowe het om ons te verhoor:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

❖ **’n Gebed nadat uit die kategismus onderrig gegee is**

O genadige, barmhartige God en Vader, ons dank U dat U dit goedgedink het om ’n genadeverbond met die gelowiges en hulle nageslag te sluit [Gen 17:7]. U het hierdie verbond nie alleen deur die heilige doop verseël nie, maar U bevestig dit nog elke dag wanneer U hulle kinders u lof laat besing [Ps 8:3]. So maak U die wyse mense van hierdie wêreld beskaamd [1 Kor 1:19]. Ons bid U, vermeerder u genade in hulle, sodat hulle in Christus, u Seun, gedurig sal toeneem en groei, totdat hulle die volle grootte van Christus in alle wysheid en geregtigheid bereik het [Ef 4:13]. Gee ons ook u genade, dat ons hulle in u kennis en vrees onderrig, soos U ons beveel het, sodat deur hulle volkome toewyding aan U die ryk van die Satan verwoes word en die koninkryk van Jesus Christus in hierdie en ander

kerke al hoe sterker word. Laat dit tot eer van u heilige Naam en tot hulle ewige saligheid geskied, deur Jesus Christus, u Seun en ons Here, wat ons geleer het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

❖ **Gebed voor die ete**

Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae (Ps 145:15-16).

Here, almagtige God, U het alles geskape en U onderhou dit nog deur u Goddelike krag. U het die volk Israel in die woestyn gevoed. Ons bid U: Strek u seën uit oor ons, u arme dienaars; en heilig vir ons hierdie gawes wat ons uit u oorvloedige hand ontvang, sodat ons dit matig en heilig volgens u goeie wil gebruik en daardeur erken dat U ons Vader is en die oorsprong van alle goeie dinge. Gee ook dat ons altyd, en bo alles die geestelike brood van u Woord soek. Immers, daarmee word ons siele gevoed tot die ewige lewe, wat U vir ons bewerk het deur die heilige bloed van u liewe Seun, ons Here Jesus Christus. Amen.

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Ons Here Jesus Christus vermaan ons soos volg in Luk 21:34-35: *Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon*.

❖ **Gebed ná die ete**

In Deut 8:10,11 spreek die HERE soos volg:

Jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het. Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie.

Here God, hemelse Vader, ons dank U vir al u goeie gawes [Jak 1:17] wat ons sonder ophou uit u oorvloedige hand ontvang. Ons dank u dat dit u Goddelike wil is om ons te onderhou in hierdie tydelike lewe en om ons te versorg met alles wat ons nodig het. In die besonder wil ons U egter dank dat ons deur U wedergebore is tot die hoop van 'n beter lewe wat U aan ons geopenbaar het deur u heilige evangelie. Ons bid U, barmhartige God en Vader, om nie toe te laat dat ons harte hier, in hierdie aardse en verganklike dinge, wortel skiet nie, maar dat ons altyd opkyk na die hemel en ons Saligmaker Jesus Christus verwag, totdat Hy op die wolke tot ons verlossing sal verskyn.

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Loof die HERE want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid (Ps 106:1).

❖ **Gebed vir siekes en dié wat onder aanslae verkeer**

Ewige, barmhartige God en Vader, U is die ewige saligheid van die lewendes en die ewige lewe van die sterwendes. U alleen het dood en lewe in u hand. U sorg so sonder ophou vir ons, dat gesondheid of siekte, goed of kwaad nie oor ons kan kom nie. Ons weet: Geen haar kan van ons hoof val sonder u wil nie, terwyl U ook vir u gelowiges alle dinge ten goede laat meewerk (Rom 8:28). Ons bid U, verleen ons die genade van u Heilige Gees, dat Hy ons leer om ons ellendige toestand reg te ken en geduldig u tugtiging te verdra, wat ons tienduisend keer meer verdien het. Ons weet dat dit vir ons geen teken van u toorn is nie. Inteendeel, dit is ’n teken van u vaderlike liefde vir ons, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel word nie (Heb 12:5-7; 1 Kor 11:32). Vermeerder, o Here, ons geloof deur u Heilige Gees. Immers, daardeur word ons hoe langer hoe meer in Christus ingelyf soos lidmate in hulle geestelike Hoof. U wil ons aan Hom in lyding en heerlikheid gelyk maak. Maak die kruis ligter na die mate wat ons swakheid dit kan verdra. Ons onderwerp ons geheel en al aan u wil, hetsy U ons siele langer in hierdie tentwoning wil laat bly of hulle tot U in die ewige lewe wil neem. Ons is immers Christus se eiendom en kan daarom nie vergaan nie. Ons wil graag hierdie swak vlees verlaat in die hoop op die salige opstanding, wanneer dit veel heerliker aan ons teruggegee sal word. Laat ons tog die salige troos van die vergewing van sondes en van die regverdigmaking deur Christus ervaar, sodat ons met daardie skild alle aanslae van Satan kan oorwin. Laat sy onskuldige bloed die vlek en die onreinheid van ons sondes uitwis. Laat sy geregtigheid vir ons ongeregtigheid in u laaste oordeel intree. Bewapen ons met geloof en hoop, sodat ons nie tot ’n skande word deur enige verskrikking vir die dood nie. Wanneer ons liggaamlike oë duister word, laat dan die oë van die gees U sien. En wanneer U ons die gebruik van die tong ontneem het, laat die hart dan nie ophou om U aan te roep nie. O Here, ons gee ons siele oor in u hande. Wil U ons in ons laaste nood nie verlaat nie. Doen dit om Jesus Christus wil alleen, wat ons geleer het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

❖ **Die môregebed**

O barmhartige Vader, ons dank U dat U hierdie nag so getrou vir ons gewaak het, en ons bid U dat U ons wil versterk met u Heilige Gees. Laat Hy ons van nou af lei, sodat ons hierdie dag, sowel as al die dae van ons lewe, in alle geregtigheid en heiligheid deurbring. Laat ons doel, in alles wat ons onderneem, altyd wees om u eer te bevorder, sodat ons ook al die voorspoed van dit wat ons aanpak van u oorvloedige alleen verwag [Ps 145:16]. En sodat ons die genade van U mag verkry, vergewe ons volgens u belofte al ons sondes ter wille van die heilige lyding en bloedvergieting van ons Here Jesus Christus, want ons het oor dié sondes van harte berou. Verlig ook ons harte, sodat ons alle werke van die duisternis laat staan en as kinders van die lig in volle toewyding aan U ’n nuwe lewe lei [Rom 13:12]. Gee

ook u seën by die verkondiging van u goddelike Woord. Vernietig al die werk van die duiwel. Versterk al die getroue dienaars in u kerk en ons owerhede. Vertroos alle harte wat aangeval en benoud is. Dit bid ons deur Jesus Christus, u geliefde Seun, wat ons beloof het dat U ons alles wat ons U in sy Naam bid, sekerlik sal gee en ons daarom beveel om so te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Gee ons ook u genade dat ons volgens u wil mag lewe, dié wil wat U aan ons in u Wet geopenbaar het en in hierdie Tien Gebooie saamgevat is:

Ek is die HERE, jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.
Die eerste gebod: *Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.*
Die tweede gebod: *Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.*
Die derde gebod: *Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.*
Die vierde gebod: *Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig.*
Die vyfde gebod: *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.*
Die sesde gebod: *Jy mag nie doodslaan nie.*
Die sewende gebod: *Jy mag nie egbreek nie.*
Die agtste gebod: *Jy mag nie steel nie.*
Die negende gebod: *Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.*
Die tiende gebod: *Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.*

❖ **Die aandgebed**

O barmhartige God, ewige Lig wat skyn in die duisternis, U wat die nag van sondes en alle blindheid van die hart verdryf; U het die nag ingestel om te rus soos U die dag ingestel het vir die werk. So bid ons U, gee dat ons liggame in vrede en rustigheid mag rus, sodat hulle daarna in staat mag wees om die arbeid wat U ons oplê, af te handel. Matig ons slaap sodat dit nie onordelik is nie, sodat ons aan liggaam en siel onbevlek mag bly, ja dat selfs ons slaap tot u eer mag wees. Verlig die oë van ons verstand dat ons nie in die dood ontslaap nie, maar altyd ons verlossing uit hierdie ellende verwag. Beskerm ons ook teen alle aanslae van die duiwel terwyl U ons in u heilige begeleiding neem. En aangesien ons hierdie dag nie deurgebring het sonder om grootliks teen U te sondig nie, bid ons dus tot U, dat U ons sondes wil bedek deur u barmhartigheid, soos wat U alle dinge op aarde met die duisternis van die nag bedek sodat ons nie van u aangesig verstoot word nie. Gee ook aan almal wat

siek is, almal wat bedroef is, en alle harte wat onder aanslae verkeer rus en troos deur ons Here Jesus Christus, wat ons geleer het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergewe ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.

❖ **Gebed by die opening van die kerklike byeenkomste**

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, U het in u oneindige wysheid en goedertierenheid dit goedgedink om uit al die mense van die hele aarde vir U 'n gemeente te vergader deur die verkondiging van die heilige evangelie [HK, So 21, vr 54], en om die gemeente te regeer deur die diens van mense. U het ons ook tot so 'n amp genadiglik geroep en ons beveel om goed ag te gee op onsself en op die hele kudde [Hand 20:28] wat Christus met sy dierbare bloed verwerf het. Ons is dan nou hier in u heilige Naam vergader om volgens die voorbeeld van die Apostoliese Kerk oor die dinge wat voor ons sal dien en wat betrekking het op die welstand en die stigting van u kerke ooreenkomstig ons amp te handel. Om hierdie rede moet ons egter self bely dat ons daartoe nutteloos en onbekwaam is, omdat ons van nature nie in staat is om uit onsself iets goed te kan dink of enigsins te kan doen nie. Daarom bid ons U, o getroue God en Vader, wil U volgens u belofte, in ons vergadering wees met u Heilige Gees, wat ons in alle waarheid lei. Neem ook van ons weg alle misverstand en verkeerde motiewe van die vlees; gee dat u heilige Woord die enigste reël en maatstaf van al ons beraadslagings en besluite mag wees, sodat dit mag strek tot eer van u Naam, tot opbou van u gemeente en tot die wegneem van die laste van ons eie gewetens, deur Christus Jesus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word. Amen.

❖ **Gebed by die afsluiting van die kerklike byeenkomste**

Here God, hemelse Vader, ons dank U van harte dat U dit goeddink om in hierdie land vir U 'n kerk te vergader en dat U daartoe ons diens wil gebruik deur ons die genade te gee om vry en ongehinderd u heilige evangelie te preek en alle godsdienstige aktiwiteite te kan beoefen. Daarmee saam dank ons u dat U nou met u Heilige Gees in ons vergadering teenwoordig was, terwyl U ons beraadslagings en besluite bestuur het volgens u wil en ons harte in onderlinge vrede en eensgesindheid verbind het. Ons bid U, o getroue God en Vader, wil U tog ons die werk waarop ons besluit het genadiglik seën en die werk wat U begin het, kragtig tot uitvoer bring, terwyl U altyd 'n ware kerk vergader en bewaar by die suiwer leer, die regte gebruik van die heilige sakramente en die nougesette uitoefening van die tug. Ons bid U dat U daarenteen alle bose en kwaadwillige planne wat teen u Woord en Kerk bedink word, tot niet maak [HK, So 48, vr 123]. Versterk al die dienaars in die kerk dat hulle getrou en standvastig u heilige Woord sal verkondig; [ondersteun en bemoedig die opsieners en die versorgers van die armes, dat hulle deur die getroue bediening van hulle ampte u Kerk tot 'n seën mag wees].[2] Wil U ook ons owerhede versterk, sodat hulle met geregtigheid en billikheid gesag voer [Rom 13:4]. Gee dat hulle hele regering daarop gerig mag wees dat die Koning van alle konings oor hulle en hulle onderdane mag regeer en die ryk van die duiwel (wat 'n ryk van alle skandelikhede en ongeregtighede is) deur hulle as u dienaars hoe langer hoe meer verwoes en tot niet gemaak mag word [NGB, art 36]. Wil U gee dat ons onder hulle 'n rustige en stil lewe mag lei, in alle in volkome toewyding aan U en in eerbaarheid [1 Tim 2:2]. Verhoor ons, o God en Vader, deur Jesus Christus, u geliefde

[2] Nie in oorspronklike teks nie.

Seun, wat met U en die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word. Amen.

❖ **[’n Gebed by die opening van die vergadering van die diakens]**[3]

[Barmhartige God en Vader, U het nie alleen gesê dat ons altyd armes by ons sal hê nie [Matt 26:11; Mark 14:7; Joh 12:8], maar het ook beveel om hulle by te staan, terwyl U vir hierdie doel in u gemeente die diens van die diakens ingestel het, waardeur hulle gehelp kan word. Aangesien ons, wat in hierdie gemeente tot die amp van diakens geroep is, nou hier in u Naam vergader het om oor ons diens met mekaar te spreek, bid ons U in alle ootmoed, om Jesus Christus wil, dat U by ons wil wees met die Gees van onderskeiding, sodat ons goed kan onderskei tussen die wat werklik arm is, en die wat dit nie is nie; ons bid dat ons met alle blymoedigheid en getrouheid die liefdegawes wat deur ons versamel is, aan elkeen mag uitdeel volgens hulle nood terwyl ons nie die behoeftige lidmate van u geliefde Seun ongetroos laat bly nie en [aan die ander kant] ook nie aan hulle uitdeel wat dit nie nodig het nie. Wil U die harte van die gemeentelede met ’n vurige liefde tot die armes laat ontbrand, sodat hulle oorvloedig van hulle aardse besittings, waaroor U hulle as bestuurders gestel het, sal uitdeel. En wil U gee dat ons wat die middele ontvang om die behoeftiges te help, ons amp getrou sal uitvoer, sonder dat dit vir ons ’n las is en dat ons dit met ’n ruim hart sal doen. Verleen ons daarby ook die genade om nie alleen met die uiterlike gawes nie, maar ook met u heilige Woord die ellendiges te vertroos. En aangesien die mens nie net van brood lewe nie, maar van elke woord wat uit u mond kom, wil U daarom ook u seën uitstrek oor die uitdeel daarvan deur ons; wil U die brood van die armes vermeerder, sodat hulle en ons rede mag hê om U te loof en te dank, terwyl ons die salige koms van u geliefde Seun Jesus Christus verwag – Hy wat om ons ontwil arm geword het, om ons ryk te maak in ewigheid. Amen.]

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge. Die hervertaling van “enigheid” word na die te benoemde Deputate verwys vir finale vasstelling.

[3] Hierdie gebed was nie oorspronklik deel van die offisiële teks wat deur die kerke goedgekeur is nie (alhoewel dit spoedig daarna deur 'n uitgewer opgeneem is), daarom word dit hier in vierkantige hakies gedruk (vgl Rutgers, 1913:79, voetnoot 2).